

DESEMBER 2024
IN OORSIG



EKONOMIESE- EN MARKOORSIG

'n Gebeurtenisvolle jaar is agter die rug. Wat politiek betref, is daar baie om oor na te dink, met 'n groot impak op 2025 en selfs daarna.

Gesamentlik het kiesers in verskeie dele van die wêreld die politieke landskap herrangskik. In Amerika het dit tot 'n oorgang vanaf 'n verdeelde Amerikaanse Kongres met 'n Demokratiese President na 'n Kongres onder volle Republikeinse beheer gelei. Dit het die baan geweg vir Donald Trump om sy agenda makliker te implementeer, ten minste in 2025 en 2026. In die Verenigde Koninkryk was die skuif in die teenoorgestelde rigting; vanaf die Konservatiewe party na die Arbeidsparty. Openbare ondersteuning vir Keir Starmer se regering het egter vinnig afgeneem, soos mens in meningsopnames kon sien. Intussen word Franse beleidmaking dalk deur 'n gevaarlik-verdeelde parlement beïnvloed wat die land dalk nóg 'n eerste minister kan kos. Ons sal verder moet wag om te sien watter kompromieë gemaak sal moet word om 'n nuwe Duitse regering in te stel na die vroeë verkiesing op 23 Februarie. Die impak van al hierdie veranderinge op ekonomieë en markte sal vir seker vir 'n opwindende 2025 sorg.

Dit was egter nie net verkiesings wat politieke onstuimigheid veroorsaak het nie – op Sondag 8 Desember het Sirië se rebellemagte die hoofstad, Damaskus, sonder teenstand oorgeneem wat die President, Bashar al-Assad, gedwing het om na Rusland te vlug ná 'n 13-jaar lange burgeroorlog en ses dekades van sy familie se outokratiese bewind. In een van die grootste keerpunte in dekades vir die Midde-Ooste, het die einde van Assad se regering gelei tot die vernietiging van 'n bastion vanwaar Iran en Rusland die Arabiese wêreld beheer het. Mikhail Ulyanov, Rusland se Ambassadeur vir Internasionale Organisasies in Wenen, het op die Telegram-boodskapplatform gesê dat Moskou aan Assad en sy familie asiel verleen het.

'n Hof in Suid-Korea het 'n arrestasiebevel teen die geskorste president Yoon Suk Yeol uitgereik na sy poging op 3 Desember om krygswet af te kondig. Die bevel het gekom nadat Yoon, wat vir magismisbruik en die

aanhitsing van 'n opstand ondersoek word, drie dagvaardings om vir ondervraging op te daag in die laaste twee weke van Desember, geïgnoreer het. Yoon se regspan reken die bevel is "onwettig en ongeldig" en het gesê hulle sal dit in die hof betwis. Suid-Korea beleef sedert die kortstondige afkondiging van krygswet 'n politieke krisis aangesien die opposisie-gedomineerde parlement beide Yoon én 'n opvolger in 'n staat van beskuldiging geplaas het.

By die Desember-vergadering van die Federale Opemarkkomitee (FOMC) het die Amerikaanse Federale Reserweraad (Fed) die rentekoers met 25 basispunte verlaag. Dit verlaag die teikenband vir rentekoerse na 4.25% tot 4.5% en weerspieël die Fed se volgehoue toewyding aan hul dubbel-doelwit van maksimum werksgeleenthede en prysstabiliteit. Amerikaanse aandelemarkte het met byna 3% geval direk na daar op die aggressiewe rentekoersverlagings besluit is. Binne 'n paar dae het markte byna volkome herstel, maar die S&P 500 het Desember steeds in die rooi afgesluit.

'n Paar dae later het die Amerikaanse Senaat kort na 'n middernagspertyd wetsontwerp goedgekeur om 'n federale regeringsluiting te voorkom; 'n gepaste hoogtepunt vir 'n chaotiese week waarin die nuutverkose President, Donald Trump, 'n tweeparty-bestedingsooreenkoms verwerp het, net om daarna te sien hoe sy eie voorkeurplan in duie stort toe Republikeine hom teëgaan. President Biden het wetgewing goedgekeur wat regeringsbefondsing tot middel-Maart sal verleng en rampverligting vir dele van die land wat steeds van orkaan- en ander stormskade herstel, goedkeur.

Die Beheerraad van die Europese Sentrale Bank (ESB) het op 12 Desember aangekondig dat hulle beleidskoerse met 25 basispunte verlaag, wat die depositokoers op 3.0% te staan bring. President Lagarde het bevestig dat 'n 50-basispuntverlaging wél bespreek is, maar dat al die beheerraadslede uiteindelik op 25 basispunte ooreengekom het. Die amptelike verklaring en nuuskonferensie het 'n meer toegewende toon as die vorige

een aangeneem. By die vorige vergadering in Oktober het die ESB gemeld dat hulle beplan om "beleidskoerse so beperkend as nodig, vir so lank as nodig, te hou om te verseker dat inflasie volhoubaar terugkeer na sy 2%-mediumtermyn-doelwit". Noudat hierdie doelwit byna binne bereik is, is daar nie meer melding hiervan nie. Die beheerraad se verwagting is nou dat inflasie op 2% sal bly, maar met spesifieke klem daarop dat die risiko's rakende hierdie voorspelling tweeledig is.

Die Verenigde Koninkryk se Eerste Minister, Keir Starmer, het 'n nuwejaarsdag-boodskap gelewer waarin hy belowe het dat 2025 die "jaar van herbouing" sal wees. Hy het melding gemaak van die somber sentiment onder Britse kiesers wat deels te danke aan 'n stagnerende ekonomie is, maar ook verband hou met kiesers se toenemende teleurstelling in die Arbeidsparty. Trouens, volgens meningsopnames het Arbeiders se steun sedert Julie se weghoorwinning aansienlik gedaal, met die party nou nek-aan-nek met die Konservatiewe party en die Reform UK-party wat ook steun wen. Trouens, sedert die verkiesing het een van die eerste mega-meningsopnames voorspel dat indien 'n verkiesing nou gehou sou word (hou in gedagte dat hulle nie voor Augustus 2029 weer 'n verkiesing hoef te hou nie), die Arbeiders amper 200 setels sou verloor, wat hul meerderheid in die Parlement heeltemal sou verwoes.

Posisionering in die opsiemark dui daarop dat die Suid-Afrikaanse rand gereed is vir 'n herstel wat dalk net so steil as die vinnige daling in Desember, toe die Amerikaanse dollar 4.5% teenoor die plaaslike geldeenheid versterk het, sal wees. Die rand het sy swakste Desember sedert 2015 beleef, en die grootste afname binne een kwartaal in meer as twee jaar. Met die rand wat alle 2024-winste uitgewis het en op sy laagste vlak sedert die Mei-verkiesing is, verwag die mark dat die fundamentele faktore wat die pre-Desember-prestasie gedryf het, vroeg in 2025 dalk weer dieselfde sal doen.



MARKPRESTASIE

Suid-Afrikaanse aandele het in Desember 'n blaaskans geneem toe die FTSE/JSE Indeks vir alle aandele met -0.3% gedaal het. Die mark het die jaar steeds 13.4% hoër afgesluit, amper 2% beter as sy ontluikende mark-eweknieë. Die effektemark het 'n selfs beter jaar gehad as plaaslike aandele met die FTSE/JSE Indeks vir alle effekte wat in 2024 met 17.2% gestyg het.

Die Fed het hul amptelike rentekoers met 0.25% gesny, maar die minder rigiede toon van die verklaring het die markte ontsenu met Amerikaanse staatskuldopbrengste wat met meer as 10 basispunte gestyg het en die S&P 500 wat met byna 3% op die dag gedaal het. Die mark se reaksie op die verandering in die toon van die Federale Opemarking se verklaring dui op die kommer oor oorwaardasies en onsekerheid rondom die implikasies van die inkomende Amerikaanse administrasie se ekonomiese beleide rakende inflasie en rentekoerse.

Ten spyte van 'n 2.4%-daling in Desember het die S&P 500 in Amerika die jaar 25% hoër afgesluit. Dit volg op die 2023-prestasie van 26.3% wat die hoogste prestasie vir twee agtereenvolgende kalenderjare sedert die laat 1990's was. Globale aandele (gemeet in Amerikaanse dollars) het die jaar 18% hoër afgesluit, terwyl globale effekte -1.7% opgegee het aangesien langtermyn-rentekoerse in baie ontwikkelde markte aanhoudend hoog bly.

Goud het beter as Amerikaanse aandele gevaar aangesien die goudprys die jaar 27.5% hoër (in Amerikaanse dollar-terme) afgesluit het. Olie het in die laaste kwartaal met 4% gestyg, maar die jaar 3.1% laer afgesluit. Geopolitiese gebeure kan vorentoe meer volatiliteit in die olieprys veroorsaak aangesien die nuutverkose Amerikaanse president, Donald Trump, die EU gewaarsku het dat handelstariewe op hul uitvoere na Amerika ingestel sal word tensy die lidlande meer Amerikaanse olie en gas koop.

MARKINDEKSE ¹	31 DESEMBER 2024		
	3 maande	12 maande	5 jaar ²
(Alle opbrengste in rand tensy anders aangedui)			
SA aandele (JSE indeks van alle aandele)	-2.1%	13.4%	12.2%
SA eiendom (S&P SA REIT indeks)	-0.8%	29.0%	5.1%
SA effekte (SA indeks van alle effekte)	0.4%	17.2%	9.6%
SA kontant (STeFI)	2.0%	8.5%	6.2%
Globale ontwikkelde aandele (MSCI wêreldindeks)	-0.1%	19.2%	11.7%
Ontluikende mark-aandele (MSCI indeks vir ontluikende markte)	-7.8%	8.1%	2.1%
Globale effekte (Bloomberg Barclays globale indeks van alle effekte)	-5.1%	-1.7%	-2.0%
Rand/dollar ³	9.5%	3.2%	6.2%
Rand/sterling	2.2%	1.4%	5.0%
Rand/euro	1.6%	-3.3%	4.5%
Goudprys (USD)	-0.3%	27.5%	11.6%
Olieprys (Brent ru-olie, USD)	4.0%	-3.1%	2.5%

1. Bron: Factset

2. Alle prestasiesyfers vir meer as 12 maande word geannualiseer.

3. 'n Negatiewe syfer impliseer dat minder rande per Amerikaanse dollar betaal word, so dit dui op 'n versterking van die rand.

HET JY GEWEET?

OOR 2024. Kom ek vertel jou die goeie nuus...

“Daar is so baie wat jy kan leer. MAAR... Jy sal die beste dinge mis as jy jou oë toe hou.” - Dr. Seuss

Wat dink jy van 2024? As jy mense uit wat jy dalk die politieke klas kan noem, vra, sal die meeste se antwoord negatief wees. En, tot 'n mate, kan 'n mens hul punt verstaan.

Oorloë het in drie kontinente in 2024 uitgebreek of voortgeduur, wat natuurlik verskriklik is. Om oor hierdie konflikte te lees, en natuurlik soveel te meer om in hulle vasgevang te wees, was waarskynlik die hartverskeurendste deel van die jaar. Rusland word tereg vir die begin van die Oekraïne-konflik geblameer. Tog breek 'n mens se hart vir die gewone Russiese families wat nou sowat 'n duisend mans en vroue per dag verloor.

Ongeag wat reg of verkeerd is, die lyding van die mense van Gaza is ongelooflik hartseer. En die mees vreesaanjaende aspek van die veranderinge in Soedan is dat dit baie moeilik is om te weet wat werklik gebeur. Die vrees is dus dat wanneer die waarheid uiteindelik wél uitkom, dit dalk veel erger gaan wees as wat mens verwag.

Maar, maar, maar ... ons moet onthou dat daar ten minste drie plekke op aarde is waar oorloë, of ten minste opstande, reeds vir die grootste deel van die afgelope dekade teenwoordig is. Hierdie gevalle is egter anders. Gaza, Oekraïne en Soedan is nie net konflikte op 'n veel erger vlak as voorheen en met baie meer betrokkenes en sterftes nie, dit is op ekonomiese vlak ook aansienlik meer skadelik en aanhoudend as baie van die konflikte in die verlede.

2024 was, soos ons al eintlik moeg is om te hoor, die jaar van demokrasie; 76 lande het verkiesings gehad. Sommige was 'n klug (hallo, Venezuela), sommige was van groot belang (hallo, Botswana) en, afhangend van wie jy ondersteun, was sommige vir baie 'n teleurstelling (hallo, USA).

Wat veral noemenswaardig is oor hierdie jaar van demokratiese verkiesings, is hoe eenvormig die huidige ampsbekleërs uitgestof is. John Burn-Murdoch van die Financial Times noem in sy kolom dat elke politieke party wat hul rekord in die regering oor die afgelope 12 maande moes verdedig, 'n deel van hul stemme afgestaan het, sommige met katastrofiese gevolge. Die Amerikaanse Demokrate se afname van 3.7 persentasiepunte lyk skielik nie so erg as jy dit met die Britse Konserwatiewe Party, wat sedert hul 2019-verkiesing byna 20% afgestaan het, vergelyk nie.

“Die huidige regerende party in elkeen van die 10 vernaamste lande wat deur die ParlGov globale navorsingsprojek gemonitor is en wat in 2024 nasionale verkiesings gehou het, is deur kiesers in die pad gestee. Dit is die heel eerste keer in byna 120 jaar van rekordhouding wat dit gebeur het.”

Daar was net twee uitsonderings op hierdie reël in groot demokrasieë: Spanje en Mexiko. In beide gevalle was buitengewone omstandighede betrokke. (In Mexiko kan 'n mens eintlik sê dat die regerende party steeds pak gekry het – die PRI ((The Institutional Revolutionary Party)), wat nie net 'n meerderheidsteun nie, maar 'n supermeerderheidsteun vir meer as 'n halfeeu gehad het, is hierdie jaar weer verslaan. Hulle verteenwoordig eintlik steeds 'n regerende party wat ontroon is al was hulle ten tyde van die verkiesing nie aan bewind nie.) Maar, oor die algemeen moes die huidige regerende partye opsy staan, insluitend in Suid-Afrika waar die ANC vir die eerste keer hul meerderheidstem verloor het.

Hoe negatief is dit egter werklik? Dit is tog wat ons as burgers wil hê, nie waar nie? Soos die ou grappie gaan: Waarom is politici soos doeke? Hulle moet dikwels geruil word anders begin hulle stink.

Ek sal twee belangrike positiewe dinge uit 2024 beklemtoon en, ek vermoed, nie een van hulle word baie wyd erken nie.

Een is die omvang van mediese deurbreke wat in 2024 plaasgevind het – twee van enorme belang vir Afrika. Die eerste is Lenacapavir, 'n langwerkende HIV-behandeling wat uit 'n inspuiting elke ses maande bestaan en oordrag voorkom. In teorie is die oorlog teen Vigs gewen.

Die tweede is die R21/Matrix-M Malaria-inenting wat volgens navorsing baie doeltreffend is en 'n goeie veiligheidsprofiel vir kinders in Afrika het, 'n groot mylpaal in die stryd teen malaria.

Daar was selfs meer! Gewigsverliesmedisyne soos Ozempic en Wegovy het hulself bewys en 'n baie suksesvolle jaar agter die rug na dit oorspronklik eintlik as tipe-2-diabetesbehandeling ontwikkel is. En die Covid-19-uitbraak het ten minste een positiewe nadraai: bRNS verpersoonlike kankerbehandelings.

Die ander noemenswaardige kenmerk van 2024 wat nie werklik genoeg erkenning kry nie, is hoe veerkragtig die wêreld ekonomie blyk te wees. Dié van ons wat in aandelemarkte belê is, wat basies die meeste van ons is, sal 2024 as 'n goeie jaar onthou – 'n totale verrassing. Aan die begin van die jaar het die Internasionale Monetêre Fonds (IMF), wat altyd 'n bietjie pessimisties is, voorspel dat globale groei tot 3.2% sal daal.

Teen die einde van die jaar is dit opwaarts en inflasie afwaarts aangepas – net 'n bietjie, maar wanneer jy die wêreld ekonomie dophou, weet jy dat klein veranderinge oor tyd tot groot absolute syfers lei. Die aanpassings is boonop in beide ontwikkelde en ontlukende ekonomieë gemaak. Die IMF begin nou 'n gewoonte daarvan maak om Amerika te onderskat en China te oorskakel.

Die IMF het Amerika se groei op 1.7% vooruitgeskat. Dit lyk nou asof dit 50% hoër as dit sal wees. Benewens dit en ten spyte van die vrese dat internasionale handel gaan afneem (die IMF het 'n groot daling vir 2024 voorspel), beraam die Verenigde Nasies (VN) se konferensie oor handel en ontwikkeling dat dit met ongeveer \$1 biljoen sal toeneem, en dat dit 'n rekord van \$33 biljoen in 2024 sal bereik.

Dit gebeur ongelukkig nie dikwels nie, maar ek geniet dit altyd as pessimistiese mense verkeerd bewys word. Dit bevestig ten minste my persoonlike opinie dat optimisme onderwaardeer word, want oor die algemeen word die wêreld en die media deur die swartgalliges regeer.

So, wat sal 2025 bring? Ek weet nie – wie weet? Ek sal wel die volgende sê: oor die gemiddelde lewensduur is daar altyd meer goeie as slegte jare, en dit is iets om te vier.

Beste beleggingswense,

Tim Cohen

Hierdie artikel is met die toestemming van Tim Cohen (timcohen.co.za) gepubliseer. Dit is aanvanklik in sy Daily Maverick-kolom, After The Bell with Tim Cohen, op 20 Desember 2024 gepubliseer.

Disclaimer

The information provided is of a general nature only and does not take into account investor's objectives, financial situations or needs. The information does not constitute financial product advice and it should not be used, relied upon or treated as a substitute for specific, professional advice. It is, therefore, recommended that investors obtain the appropriate legal, tax, investment and/or other professional advice and formulate an investment strategy that would suit the investor's risk profile prior to acting on such information and to consider whether any recommendation is appropriate considering the investor's own objectives and particular needs. Although the information provided and statements of fact are obtained from sources that Analytics Consulting considers reliable, we do not guarantee their accuracy, completeness or currency and any such information may be incomplete or condensed. No guarantee of investment performance should be inferred from any of the information contained in this document. Collective Investment Schemes in Securities ("CIS") are generally medium to long term investments. The value of participatory interests may go down as well as up and past performance is not necessarily a guide to future performance. Any opinions, statements and information made available, whether written, oral or implied are expressed in good faith. Views are subject to change, without prior notice, on the basis of additional or new research, new facts or developments. All data is in base currency terms unless otherwise indicated, and sourced as disclosed.